# Ferdinand Postma-Biblioteek: Hoeksteenlegging, 17 Maart 1951 -

## 1 Die Biblioteek voor 1951


Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is op 29 November 1869 in Burgersdorp geopen. In 1876 het die Literariese Departement sy beslag gekry. In 1904 is die Teologiese Skool en sy Literariese Departement na Potchefstroom oorgeplaas. Dit is ook die jaar waarin Ferdinand Postma tot professor in die lettere aan die Literariese Departement benoem is. Hy sou 'n lang pad as akademikus en later as organisator in die totstandkoming van die universiteitskollege (die P.U.K.) in 1919 optree. In 1919 is hy as Rektor benoem en beklee die amp tot sy dood in 1950, net voor die selfstandigwording van die universiteit in Maart 1951, waarin hy 'n sleutelrol gespeel het.

Die Biblioteek, wat deur die Literariese Departement van die Teologiese Skool opgebou is het in 1919 reeds bestaan, maar was toe nog by die Teologiese Skool. In 1921 was die biblioteekure Maandae, Woensdae en Vrydae vanaf 16:00 tot 17:00 en was net vir die uitreiking van boeke bedoel. Geen studieruimte was beskikbaar nie. Teen 1922 was daar sowat 2 300 boekdele, volledig gekatalogiseer deur "Lektor" L J du Plessis, wat toe as bibliotekaris opgetree het. Daardeur kon baie beter kontrole oor die boeke gehandhaaf word.

In 1923 is die biblioteek vanaf die Teologiese Skool na die hoofkampus verskuif en in een van die sinkgeboue, wat toe opgerig is, gehuisves. In 1931 is dit na twee vertrekke in die noordoostelike vleuel van die Hoofgebou (nou die Regsfakulteit) verskuif.



Die Hoofgebou pas na voltooiing in 1931



Die Biblioteek in die Hoofgebou, ongeveer 1948

Die boekrakke was in die een vertrek  en die ander een was gebruik as studieruimte.  Dit is later na drie vertrekke uitgebrei. Dit was daar gehuisves tot en met die biblioteekbrand op  23 Februarie 1949, waarin daar, volgens die nuut- aangestelde bibliotekaris, mnr H C (Harry) van Rooy, ongeveer 30,000 boeke en 4000 tydskrifte vernietig is.



Tydskrifrakke



Die Biblioteekbrand 23 Februarie 1949

Die openbare reaksie na die brand was oorweldigend en uit alle dele van die land, buurlande en selfs van oorsee is boekskenkings en geldelike bydrae ontvang. ’n Groot skenking is van Nederland ontvang. Minister N C Havenga het ook sy hele boekery aan die PUK geskenk.

In 1946 het die Carnegie–korporasie ’n beurs van £500 per jaar toegestaan vir die opleiding van ‘n persoon met minstens ’n MA-graad, as bibliotekaris, met die voorwaarde dat die persoon dan as Bibliotekaris by die PUK aangestel sou word. Mnr H C (Harry) van Rooy is aangewys om die Carnegie-aanbieding te aanvaar en hom in Amerika as bibliotekaris te gaan bekwaam. Hy is op 1 Junie 1947 as eerste voltydse bibliotekaris aangestel. Ondertussen het hy ’n Meestersgraad in Bibioteekkunde aan die Universiteit van Columbia (Amerika) behaal en het dus in Augustus 1948 as opgeleide bibliotekaris uit Amerika teruggekeer. Met die benoeming van mnr Van Rooy het die byna twintigjarige verbintenis van prof Gerrit Dekker van die Departement Nederlands-Afrikaans tot ’n einde gekom. Hy het al die jare, saam met sy verpligtinge as dosent , teen ’n nominale vergoeding as deeltydse bibliotekaris opgetree.




Mnr (later professor) H C van Rooy met ’n faksimilee-uitgawe van die Biblia Sacra (1961-Faksimilee-uitgawe van die Gutenberg Bybel) – tans nog deel van die Seldsame boekeversameling, wat in ons Africana Afdeling geberg word.




Proffessor Gerrit Dekker en H C (Harry) van Rooy.



Die Biblioteekpersoneel in 1950: Prof H C van Rooy (middel voor), "juffrou" Martha van Rooy, later werksaam by die Musiekbiblioteek (voor, tweede van regs) en, mev Jane van Rooy (heel regs), later dosent in Katalogisering en Klassifikasie aan die Departement Biblioteekkunde.

Reeds vanaf 1946 was die Raad van mening dat die Biblioteek nie meer toereikend is nie en is begin met planne vir 'n nuwe gebou. Na die brand is beraam dat vir die vervanging van die boeke ongeveer £30 000 benodig word en vir die oprigting van 'n nuwe "doeltreffende en brandvrye gebou", ongeveer £50 000. Met die voorspraak van Advokaat Eric Louw, minister van Ekonomiese Sake, wat die ramptoneel van die brand besoek het en hulp van dr Jan Steyn, Volksraadslid van Potchefstroom, is daar uiteindelik 'n bedrag van £40 000 vanaf die Departement van Onderwys bewilig vir 'n nuwe gebou. Die PUK moes dus poog om self die verdere £10 000 by te dra.






Prof A L Meiring is as argitek aangestel en daar is met die opstel van die planne begin. Die sketsplanne is in September 1949 ingedien en ’n tender vir die bedrag van £43 437 van die firma Van Heerden en Johnson is teen die einde van September aangeneem en volgens die kontrak moes die gebou teen Oktober 1951 afgelewer word. Daar is met die bouwerk begin en op 17 Maart 1951 tydens die viering van die selfstandigingswording van die PUK, kon die hoeksteen gelê word. Die gebou is uiteindelik in 1952 voltooi en op 29 November 1952 in gebruik geneem. Dit is met trots vernoem na die persoon wat vir 46 jaar aan die Universiteit verbonde was en vir 29 jaar daarvan as rektor, nl prof Ferdinand Postma.



Prof Ferdinand Postma (1879 – 1950).
Grondlegger van die PU vir CHO.

In ’n artikel in *Die Veteraan*, (1952, dl XVII) word die gebou soos volg opgesom: “Benewens bergruimte vir 100,000 tot 120,000 boekdele in sy magasyn, bied die gebou ruimte vir kalme, ongestoorde studie vir 160 studente in sy ruim en aangename studiesaal. Vir gevorderde en navorsingstudente is 12 klein studeerkamers beplan. Ruim voorsiening is gemaak vir kantoor-en werkruimte vir die biblioteekpersoneel, vir die goed toegeruste boekbindery, ’n fotografiese afdeling en vir enkele seminaarkamers”.



Interessante finansiële gegewens, soos opgeteken in notules van die Komitee vir Finansies en Eiendomme, tussen 1951 en 1952:



Vir die leeskamermeubels (tafels en stoele) is die laagste tender, nl. £1005, aanvaar. Dit was in eikehout vervaardig deur "mnre. De Beer van Randfontein". Dieselfde meubels word tans steeds gedeeltelik in die nuwe groepstudieruimte op die tweede vloer gebruik! (Notule: 28 November 1951). Hierdie eerste "leeskamer" of studiesaal van die 1952-biblioteek is nou omskep in die Galery.



Die uitleentoonbank






Die “goed toegeruste boekbindery”.  Mnr  S Buys is as verantwoordelike binder benoem en hy het een assistent gehad.




“Die koste van die hoeksteen wat op Saterdagmiddag, 17 Maart, gelê sal word, beloop sowat £50”.

(Notule: 14 Maart 1951)



’n Tender vir die voorsiening van staalrakke van ’n firma in Engeland is aanvaar teen ’n beraamde koste van nagenoeg £6 000. (Notule: 14 Maart 1951). “Die staalrakke wat van oorsee bestel is het gearriveer en dit sal gedurende die somervakansie geinstalleer word. Die Komissie van Toesig beveel aan dat van studentehulp gebruik gemaak word om hierdie rakke te installeer teen ’n vergoeding van 15/- per dag per student. Die Bibliotekaris en Boekbinder sal toesig hou.” (Notule: 28 November 1951)



Willem de Sanderes Hendrikz was die beeldhouer van die rieliëfbeeld van professor Ferdinand Postma. Dit het 1000 “ghienies” (ong. £1 050) gekos.



Onthulling van die reliëfbeeld.



Ingebruikneming van die Ferdinand Postma-Biblioteek, 1952. Dit is waargeneem deur dr Jan Steyn, L.V.



Die hoofingang tot die 1952-gebou, net regs van die hoeksteen



Die voltooide Biblioteekgebou vanaf die westekant.




Die sentrale kampusterrein in 1950, voor die oprigting van die biblioteekgebou (Jaarboek 1950)



Die sentrale kampusterrein ongeveer 1956-57

In Die PU-Kaner van 2 Julie 1968 het 'n berig verskyn oor die ruimtekrisis wat die biblioteek opdaardie stadium ervaar het. Dit het gelei tot die beplanning van die uitbreiding van die 1952-biblioteekgebou. Teen 1971 was die planne voltooi om die biblioteek aansienlik te vergroot. Net ten opsigte van sitplek vir studente in die studieruimtes sou dit van 150 na 1 500 sitplekke vergroot. Die uitbreidings was teen 1974 afgehandel. Dit is dan basies die gebou wat tans nog gebruik word. In 'n volgende uitgawe sal meer oor hierdie uitgebreidings vertel word.



BIBLIOGRAFIE


1. DU PLESSIS, J S 1975. Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1919 – 1951. (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, Reeks A: Geesteswetenskappe, nr 19). Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO
2. Notules van die Komitee vir Finansies en Eiendomme. 1951 – 1952.
3. VAN DER SCHYFF, P F. 2003. Wonderdaad…! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
4. *Die Veteraan*, 1952, dl.XVII